

18 Maart

Skrifgedeelte: 2 Konings 7(OAV)
Fokusgedeelte: 2 Konings 7:1 en 2

Die HERE is almagtig en getrou – dit is dwaas om Hom nie te glo nie

Die getroue Verbondsgod is aan die woord. Hoor. Dit is nie 'n gissing nie. Wat Hy sê, sal wees. Hy praat nooit verniet nie. Glo Hom. Daar is niks leuenagtigs in Hom nie. Hy is die HERE. Met hierdie Naam het Hy Moses na Egipte gestuur met die boodskap van verlossing. Hulle mag nie in Hom twyfel nie. Hy is gereed om sy belofte te vervul. Hy doen dit met sy almagsdade. Dink aan die Rooisee, die Jordaan, Jerigo se mure, manna, kwartels, water uit 'n rots. Onmoontlik ...? Nee, dit is die HERE wat dit doen. Dit is Hy wat die Arameërs 'n oorlogsgedruis laat hoor. Dit is Hy wat hulle op die vlug dryf. Dit is Hy wat kos op die markplein in Samaria gee. Dit is met Hom wat die adjudant spot. Hoe sal Hy kan help? Die antwoord is kort: Hy sal dit sien, maar nie daarvan eet nie. Net so was dit (vs 20). Die man betwyfel die waarheid van God. Hy spot met sy almag. Hy is skepties. Hy beoordeel die HERE volgens sy siening van sake. Spottend bevraagteken hy die HERE. Dit lê nie op ons weg nie. Die HERE is nie gebind aan ons feite en afleidings nie. Teen alle verwagtinge in, teen alle berekeninge in, kan Hy gou en maklik sake verander. Hy sê net ... en dit is. Dit is net soos die water uit die rots. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Hy stuur die kraaie om vir Elia kos te bring. Hy laat 'n heidense wêreldheerser na sy kind, Daniël, luister. Hy maak die bekke van die leeus toe. Hy kan alles wat Hy wil. Kan 'n mens dan sê: Onmoontlik? Glo Hom as Hy sê Hy is naby om jou te help.

Glo, Hy het sy Seun tot redding gestuur. Dit is net soos Hy gesê het. Hy het gesterf. Hy is opgewek. Hy kom weer. Baie vra: Hoe kan een uit 'n maagd gebore word? Hoe kan een uit die dood opstaan? So vra hulle: Hoe kan dit en dat wees? – tot hulle eie verderf!

Glo! Glo as God in Christus vir ons is, wie kan teen ons wees?

Sing: Psalm 81:11, 12 (1936)

Ds PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)